# EERSTE FABRIEKEN: DIE BEGINPUNT VAN NYWERHEIDSONTWIKKELING IN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

*Dr. O.J.O. Ferreira*
*Universiteit van Pretoria*

Na afloop van die Eerste Vryheidsoorlog (1880—1881) moes die heropbou van die Zuid-Afrikaansche Republiek begin word, maar geld was skaars en die staat se finansiële verpligtinge groot. Aanvanklik was die landsbestuur in die hande van die "Driemanskap", vise-pres. S.J.P. Kruger, kmdt.-genl. P.J. Joubert en oud-pres. M.W. Pretorius. Op hulle het die verantwoordelikheid gerus om onder meer te sorg dat daar geld in die staatskas beskikbaar sou wees.

Een metode om geld in die staatskas te kry, was deur die toekenning van konsessies. Sowel Kruger as Joubert het besef dat die totale afwesigheid van nywerhede een van die vernaamste oorsake van die armoede in die Republiek was. Hoewel hulle in vele opsigte van mekaar verskil het, was hulle dit dus eens dat die verlening van konsessies die Republiek ten goede sou kom.[1]

## NELLMAPIUS SE AANSOEK OM 'N KONSESSIE

Die eerste persoon wat die Driemanskap se konsessiebeleid benut het, was Alois Hugo Nellmapius (gebore Boedapest, Hongarye, 1847 — oorlede Irene, 1893), wat hom in 1873 in die Zuid-Afrikaansche Republiek gevestig het. Teen 1881 het hy op die plaas Hatherley, ongeveer negentien kilometer oos van Pretoria, gewoon.[2]

Op 8 September 1881 het Nellmapius sy vier-bladsyelange aansoek om 'n konsessie tot "Het Hoog Edele Driemanskap en de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek" gerig. In sy aansoek het hy daarop gewys dat dit nie voldoende is dat die Republiek sy politieke onafhanklikheid teruggekry het nie, maar dat daar ook na ekonomiese onafhanklikheid gestreef moet word. Lewensmiddele moet self geproduseer en nie langer van oorsee ingevoer word nie. Hy het sy dienste aangebied om sekere plaaslike produkte te laat verwerk en op die voordele van die moontlike uitvoer van sodanige verwerkte produkte gewys. Hy het die Driemanskap ook daaraan herinner dat nywerhede 'n konstante mark aan die boere sou voorsien, die uitvloei van geld sou verminder en die Tesourie van 'n vaste jaarlikse inkomste sou verseker.[3]



*A.L. Nellmapius, die eerste persoon aan wie 'n konsessie verleen is.*
FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA

Maar Nellmapius het sy eie belange ook nie vergeet nie. Hy het die Driemanskap daarop gewys dat iemand wat so 'n nuwe onderneming begin, groot risiko's loop. Hy was van voorneme om hom op die produksie van suiker, meel, alkoholiese drank, bier, sigare, asyn en stysel toe te lê, maar ook leer te looi en sement te vervaardig. Daarvoor sou groot geboue en ingevoerde masjinerie uit Europa nodig wees. Aanvanklik wou hy begin met die distillering van drank uit graan en die produksie van suiker uit o.m. beet en mielies. Hy het vrugte en suikerriet doelbewus as grondstowwe uitgesluit omdat die boere self uit vrugte "mampoer" gestook en uit suikerriet suiker vervaardig het. Nellmapius het sy aanvanklike kapitaaluitleg op £100 000 geraam en die Driemanskap versoek om aan hom die alleenreg vir die produksie van drank en suiker vir 'n periode van ten minste vyftien jaar toe te ken. In ruil daarvoor was hy bereid om jaarliks 'n bedrag van £1 000 aan die Tesourie te betaal.[4]

## TOEKENNING VAN KONSESSIE AAN NELLMAPIUS

Die Uitvoerende Komitee het Nellmapius se aansoek op 15 September 1881 oorweeg en besluit om dit na die Volksraad te verwys met 'n sterk aanbeveling dat die konsessie wel toegeken moet word. Die gevolg was dat 'n konsessie deur Volksraadsbesluit op 4 Oktober 1881 (artikel 1881) aan Nellmapius verleen is.[5]

Op 7 Oktober 1881 is die kontrak onderteken deur

1. H. KAYE, *The tycoon and the president: the life and times of Alois Hugo Nellmapius 1847—1893* (Johannesburg, 1978), p. 37.
2. C.J. BEYERS (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV* (Durban, 1981), p. 426.
3. KAYE, *op. cit.*, pp. 37-38; J. SCOBLE en H.R. ABERCROMBIE, *The rise and fall of Krugerism: a personal record of forty years in South Africa* (Londen, 1900), pp. 95-96.
4. KAYE, *op. cit.*, p. 38.
5. C. VAN ONSELEN, *Randlords and rotgut* (oordruk uit *History workshop: a journal of socialist historians* 2, Herfs 1976), pp. 38-39; J. PLOEGER, Die maatskappy "Eerste Fabrieken in de Zuid-Afrikaansche Republiek", *Historia* 2, Sept. 1957, p. 123; KAYE, *op. cit.*, p. 38.

S.J.P. Kruger, P.J. Joubert en M.W. Pretorius, as lede van die Driemanskap, staatsekretaris W.E. Bok, staatsprokureur E.J.P. Jorissen en, vanselfsprekend, A.H. Nellmapius. Nellmapius het aldus die alleenreg verkry om sterk drank te distilleer van graan, aartappels en ander Transvaalse gewasse — uitgesonderd vrugte en druiwe. Daarbenewens kon hy suiker vervaardig uit mielies, kafferkoring, beet en ander gewasse — uitgesonderd suikerriet. Hy kon ook die produkte verkoop, maar wat die drank betref, sou hy slegs as groothandelaar optree. 'n Verdere voorwaarde was dat die distilleerdery teen 1 Julie 1882 gereed vir produksie moes wees en dat suiker teen 1 Julie 1883 geproduseer moes word, tensy oorlog of die hand van God dit verhoed. Nellmapius moes ook 'n bedrag van £1 000 aan die regering betaal — £500 binne 'n maand na die ondertekening van die kontrak en die ander £500 op 1 Julie 1882. Indien die fabriek nie opgerig sou word of teen 1 Julie 1882 in werking sou wees nie, sou Nellmapius hierdie bedrag verloor en sou die konsessie ook ingetrek word. Nadat die fabriek met produksie begin het, sou 'n jaarlikse bedrag van £1 000 betaalbaar wees. Nellmapius is persoonlik vir die nakoming van die voorwaardes verantwoordelik gehou, maar sou die reg hê om vennote in te neem. Die konsessie was geldig van 1 Julie 1882 tot 31 Julie 1897.[6]

## MARKS WORD VENNOOT

Reeds op 7 Junie 1882, dus enkele weke voor die keerdatum wat deur die regering gestel is, het Nellmapius sy konsessie aan 'n vennootskap, bestaande uit homself, Isaac en Barnett Lewis en Samuel Marks, oorgedra in ruil vir 'n 20 %-aandeel. Volgens 'n kennisgewing in die *Staats Courant* van 14 Julie 1882 is die maatskappy onder die naam De Eerste Fabrieken in de Zuid-Afrikaansche Republiek (Bep.) geregistreer. In amptelike briewekopieboeke word daar egter soms ook na die maatskappy as Eerste Fabrieken Hatherley Distillery verwys. Die maatskappy se kapitaal het £100 000 beloop.[7]



*Samuel (Sammy) Marks (1843—1920).*

FOTO: AFRICANAMUSEUM, JOHANNESBURG

Van hierdie vennote was Samuel (Sammy) Marks (gebore Litaue, 1843 — oorlede Johannesburg, 1920) die invloedrykste. Hy het in 1868 na Suid-Afrika gekom en hom aan die begin van die jare tagtig in die Zuid-Afrikaansche Republiek gevestig, waar hy 'n pionier op die gebied van die mynwese en nywerheid sou word en ook 'n boesemvriend in Kruger sou vind.[8]

## BOUWERK

Vir Nellmapius was 1882 'n besige en betekenisvolle jaar. Die bouwerk aan die fabriek by Eerste Fabrieken oos van Pretoria het in Junie 1882 'n aanvang geneem, hy is as ere-konsul-generaal vir Portugal in die Zuid-Afrikaansche Republiek aangestel en het bowendien in die huwelik getree. Die bouwerk het goed gevorder en masjinerie is van die firma Merker in Düsseldorf, Duitsland, bestel. Die boere het met verbasing gadegeslaan hoe wavragte stene, pype, sement en masjinerie op die kaal veld gedelaai word en 'n hoë skoorsteen verrys. Sommige het die skoorsteen wat hemelwaarts gereik het selfs as heiligskennis beskou.[9] In Februarie 1883 was die fabriek reeds in staat om sterk drank te lewer.[10]

## KRUGER WORD PRESIDENT

Die eerste presidentsverkiesing na die Eerste Vryheidsoorlog het aan die begin van 1883 plaasgevind. S.J.P. Kruger is met 'n groot meerderheid verkies en op 9 Mei 1883 as eerste staatspresident van die herstelde Republiek ingesweer. Sy beoogde binnelandse beleid het onder meer die ontwikkeling van die land se hulpbronne en die bevordering van nywerhede en fabrieke ingesluit. Kruger was ook 'n sterk voorstander van die konsessiebeleid om plaaslike nywerhede aan te moedig. Niemand kon hom oortuig dat die toekenning van monopolieë nadelig vir die handel en nywerheid van die land was nie.[11]

Met die nuwe president was Nellmapius en Marks altwee baie goed bevriend. Dit is dan ook geen wonder dat hulle op 9 Mei 1883, die dag waarop Kruger as president ingesweer is, aan hom 'n brief geskryf het "to tender our sincere congratulations and to express our hope that the country, under your guidance, will make steady and rapid progress". Maar die eintlike rede vir die skrywe was om die president te vra om die amptelike ingebruikneming van die fabriek waar te neem.[12]

## UITNODIGINGS NA INGEBRUIKNEMING

President Kruger is uitgenooi om die amptelike ingebruikneming van die fabriek waar te neem omdat hy voortdurend sy ondersteuning en aanmoediging geskenk het aan ondernemings wat die benutting van die hulpbronne van die land ten doel gehad het. Hoewel hy gevra is om die fabriek te "doop", is 'n spesifieke naam nie vermeld

6. KAYE, *op. cit.*, pp. 38-39; VAN ONSELEN, *op. cit.*, p. 39.
7. KAYE, *op. cit.*, p. 39; PLOEGER, *op. cit.*, p. 123; VAN ONSELEN, *op. cit.*, p. 39.
8. W.J. DE KOCK (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (Kaapstad, 1968), p. 538.
9. KAYE, *op. cit.*, pp. 39 en 43.
10. *De Volksstem*, 6.7.1883.
11. J.G. KOTZÉ, *Memoirs and reminiscences II* (Kaapstad, 1949), pp. 24-25.
12. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TA), Staatsekretaris: R.2153/83 A.H. Nellmapius en S. Marks — P. Kruger, 9.5.1883.

nie. Uit die inhoud van die brief wil dit egter voorkom asof Nellmapius en Marks die naam "De Eerste Fabrieken in de Zuid-Afrikaansche Republiek" in gedagte gehad het. Die uitnodiging was in Engels en is deur die staatsekretaris vir die gerief van die President in Nederlands vertaal. Blykbaar het die staatsekretaris nie dadelik op die uitnodiging gereageer nie, sodat Nellmapius en Marks op 23 Mei 1883 'n tweede uitnodiging tot pres. Kruger gerig het, maar hierdie keer in Nederlands. In hierdie tweede brief is die keuse van 'n dag nie langer aan die president oorgelaat nie, maar is Woensdag 6 Junie 1883 voorgestel "voor dese grootsche gebeurtenis, die in werkelijkheid de inwijding daarstelt van de Nationale-Industrie der Z.A. Republiek". Woensdag is as 'n besonder geskikte tyd vir die funksie beskou omdat Woensdagnamiddag buitendien deur Pretorianers as 'n halwe feesdag beskou is. Ook die lede van die Uitvoerende Raad en die Volksraad, asook enkele staatsamptenare is na die inwydingsfees uitgenooi. Dié reëlings het die president hom laat welgeval.[13]


Kmdt.-genl. P.J. Joubert was in elke opsig 'n vooruitstrewende man en is as sodanig deur Boer en Uitlander geroem. Dit is dan ook nie vreemd dat hy op 28 Mei 1883 uitgenooi is om by die ingebruikneming van De Eerste Fabrieken teenwoordig te wees nie. Wat wel interessant is, is die volgende sin in die uitnodigingsbrief wat Nellmapius aan hom gerig het: "It affords me still greater pleasure to be able to announce to you that it was unanimously resolved that this first National Industry should be ennobled by bearing your name as the earnest representative of progress".[14] Volgens hierdie brief wil dit dus voorkom asof pres. Kruger die naam van kmdt.-genl. Joubert aan die fabriek moes gee.

Ook in *De Volksstem* van 6 Junie 1883 het 'n advertensie verskyn waarin die publiek na die "Doopfeest en Plechtige Inwijding" van "De Eerste Fabrieken" uitgenooi is.[15]

## FEESTELIKE INGEBRUIKNEMING

Om 11h00 op Woensdag 6 Junie 1883 was daar meer as honderd rytuie, waens uitgesluit, op die terrein van De Eerste Fabrieken. Tien minute vroeër het pres. Kruger onder 'n triomfboog deurgery, terwyl 'n saluut van een en twintig skote afgevuur is. Die president, gevolg deur lede van die Uitvoerende Raad en feitlik al die Volksraadslede, het hulle daarna by die feesvierendes aangesluit. Net toe die fluite van die stoomenjins die teken gee dat die funksie amptelik sou begin, het ook kmdt.-genl. Joubert daar opgedaag. President Kruger en die ander eregaste het daarna hulle plek op die verhoog, wat aan die voet van die skoorsteen op sestien pale opgerig is, ingeneem. Rondom die verhoog was 'n aantal dames met die kleure van die Transvaalse Vierkleur op hulle boesems.

As hoofspreker het pres. Kruger die eerste aan die woord gekom en op sy kenmerkende manier begin: "Dames en Here, Burgers van die Land, Vriende, Vyande, Jong Manne en almal hier teenwoordig . . .". Daarna het hy die toehoorders gevra om nie van hom 'n geleerde toespraak te verwag nie; hy sou hulle vertel van sy eie ervarings sedert die jaar 1835. Veral interessant was sy relaas van die slag by Vegkop en die hulp wat die Voortrekkers daarna van die Barolongkapteins ontvang het, die strafekspedisie van A.H. Potgieter teen Mzilikazi tot in Marico, Piet Retief se onderhandelinge met Dingane en die uitmoor van sy geselskap, en die koms van Andries Pretorius na Natal. Kruger het daarop gewys



*Die amptelike opening van die eerste fabriek in die Zuid-Afrikaansche Republiek op 6 Junie 1883 by Eerste Fabrieken.*

FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA


dat grond nooit van die Swartes deur wapengeweld afgeneem is nie, maar dat die Voortrekkers dit altyd op eerbare wyse deur onderhandelinge verkry het, onbewoonde gebiede beset het en in enkele gevalle deur Swart kapteins, soos Mamogalie en Sibedela, gevra is om hulle teen Mzilikazi te beskerm, terwyl grond ook van die Swazi's gekoop is. Die president het gesê dat hy hierdie feite spesiaal vir die jong mans genoem het omdat hulle dikwels deur hulle vyande gekonfronteer word met die vraag hoe hulle voorouers die land bekom het.

Daarna het pres. Kruger die gebeure van die dag aangesny. Hy het gesê dat dit nog altyd die wens van die volk was om vry van uitheemse invloede te wees en 'n eie staat, 'n eie regering en plaaslike nywerhede te hê. Daarvoor het hulle gely en gestry. Kruger het gesê dat hy daarvan bewus is dat daar baie persone is wat die konsessiebeleid teenstaan en vryhandel bepleit, maar volgens hom is dié stelsel noodsaaklik vir die ontwikkeling van die land se hulpbronne. Hy kon egter wel die dag voorsien dat hierdie beskermingsmaatreëls nie langer nodig sou wees nie. Die president het Nellmapius en sy energieke vennote gekomplimenteer met die flinke wyse waarop die fabriek opgerig is en gesê hy beskou dit as die eerste stap in die rigting van volkome onafhanklikheid. Hy het die taak om die fabriek te doop en te open as die aangenaamste tot dusver beskryf en die hoop uitgespreek dat hy soortgelyke take tot selfs drie of vier keer per jaar sou kon waarneem. Ten slotte het pres. Kruger gesê dat al wat nog vir hom oorbly om te doen, is om die fabriek 'n naam te gee. Omdat die fabriek sy oorsprong uit die volk het en die wense en ideale van die volk versinnebeeld, kon hy aan geen beter naam as De Volkshoop dink nie.

Volgens 'n verslaggewer van *De Volksstem* is hierdie naam absoluut geheim gehou tot op die laaste oomblik. Op tradisionele wyse het die president die fabriek gedoop deur 'n bottel sjampanje teen die skoorsteen stukkend te gooi. Dié verslaggewer was van mening dat die keuse van 'n naam besonder gepas was en vermeld dat dit uitbundig verwelkom is deur uitroepe van die here, terwyl die dames hulle leliewit sakdoeke in die oggendluggie gewuif het.

Daarna het die gaste die fabriek besigtig totdat die stoomfluit hulle na die feesmaal genooi het, wat in 'n vertrek op die tweede verdieping voorgesit is. Die lokaal

13. *Ibid.*: R.2153/83 A.H. Nellmapius en S. Marks — P. Kruger, 9.5.1883, en R.2472/83 A.H. Nellmapius en S. Marks — S.J.P Kruger, 23.5.1883.
14. J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 20(1), 1957, p. 209.
15. *De Volksstem*, 6.6.1883.



*Die fabriekgeboue by Eerste Fabrieken kort nadat met produksie begin is.*
FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA

was met immergroen plante en vlae versier, terwyl 'n slagspreuk, "Die Concessie Politiek is die opbouw van die Land", teen een muur aangebring is. Aan die ses tafels was daar sitplek vir tweehonderd en vyftig gaste. Mnr. R. Colquhoun van die European Hotel was die spysenier en Europese wyne is voorgesit — met die hoop om later self wyne te produseer! Ook die produkte van die fabriek is vryelik uitgedeel. Die gashere het die take verdeel: Marks was daarvoor verantwoordelik om die gaste gelukkig te hou, terwyl Nellmapius die ernstige taak van toespraakmaak op hom geneem het. Danksy die verslaggewer van *De Volksstem* weet ons vandag dat "both have achieved a brilliant success".

Nellmapius het in gebroke Nederlands 'n heildronk op pres. Kruger ingestel en onder meer na hom verwys as die patriot wat hom nooit gespaar het wanneer sy land hom nodig gehad het nie. Die president het op die heildronk geantwoord, maar weens akoestiese probleme en 'n geraas kon die verslaggewer van *De Volksstem* nie hoor wat pres. Kruger gesê het nie. Kruger het wel 'n heildronk op koningin Victoria ingestel, maar aangesien die Britse resident nie aanwesig was nie, hoewel hy die uitnodiging aanvaar het, was daar niemand wat op hierdie heildronk kon antwoord nie. Op die heildronk wat die president op die direkteure van die fabriek ingestel het, het die praatlustige Nellmapius lank en emosioneel geantwoord. Hy het onder meer gesê dat hy trots is om hom sonder voorbehoud 'n Transvaler te noem en dat hy met alle mag sou voortgaan om sy aangenome vaderland in elke opsig, behalwe van God Almagtig, onafhanklik te maak. Daarna het hy ook nog 'n heildronk op die Volksraad ingestel, hulle lof besing en klappe na die kant van die vyandiggesinde koerante uitgedeel. Op hierdie heildronk het die voorsitter van die Volksraad, C.J. Bodenstein, geantwoord — sober en gepas. Ds. S.J. du Toit, superintendent van Onderwys, het daarna 'n heildronk op die kommandant-generaal ingestel, waarop kmdt.-genl. Joubert geantwoord het. Weer eens kon die verslaggewer nie hoor wat hulle te sê gehad het nie, maar hy het vermoed dat dit van die beste toesprake was wat op dié dag gelewer is. Op die program was daar nog baie heildronke wat ingestel moes word, maar ná 'n heildronk op die amptenare het die gaste begin vertrek sodat hulle nog vóór donker in Pretoria terug sou wees.[16]


## HERBEVESTIGING EN WYSIGING VAN KONSESSIE

In 1885 het die direkteure van De Eerste Fabrieken die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek versoek om die voorwaardes van die konsessie van 1881 te herbevestig, maar ook enkele wysigings aan te bring. Die gevolg was dat die konsessie deur Volksraadsbesluit op 17 Junie 1885 (artikel 464) hernu en die gewysigde kontrak op 23 Junie 1885 onderteken is. Die Volksraad het hierdie geleentheid benut om addisionele eise ten opsigte van nywerheidsontwikkeling te stel. In ruil vir die verlenging van die monopolie vir 'n periode van dertig jaar tot op 30 Junie 1912, het die Volksraad daarop aangedring dat 'n jaargeld van £1 000 aan die regering betaal moes word en dat die maatskappy 'n waarborg verskaf dat 'n glasfabriek en kuiperswinkel by die distilleerdery opgerig sou word. Die maatskappy is van enige vorm van belasting vrygestel. Die addisionele ontwikkelingsvereistes wat die Volksraad gestel het, het die maatskappy alleen ten goede gekom.[17]

## GROEI TOT 1892

Die ekonomiese klimaat het ná die middel-tagtigerjare dramaties verander. Dit was veral die gevolg van die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886. Die groei en ontwikkeling van dié streek het ook daarvoor gesorg dat die distilleerdery op Eerste Fabrieken spoedig

16. *Ibid.*, 9.6.1883; KOTZE, *op. cit.*, pp. 25-26; KAYE, *op. cit.*, p. 43.
17. VAN ONSELEN, *op. cit.*, p. 39; PLOEGER, *op. cit.*, p. 123.



*Die fabriekkompleks by Eerste Fabrieken nadat dit in 1889 vergroot is.*
FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA

sy beskeie ontstaansfase ontgroei en 'n groot nywerheidsaanleg geword het. Die tasbare bewys van hierdie groei was die gebouekompleks wat langs die Pienaarsrivier op 'n terrein van 4 000 akker op Eerste Fabrieken verrys het en onder meer die volgende ingesluit het: 'n vierverdieping stokery, 'n losieshuis vir Blanke werkers, huise vir getroude Blanke werknemers, 'n deftige woning vir die bestuurder, drie groot graanskure wat elk 5 000 sakke graan kon berg, 'n opgaardam wat 170 000 gallon water kon hou en 'n 30-perdekragkragopweker.

Teen 1889 het die fabriek ten minste vyftig Blankes en meer as honderd Swartmense in diens gehad. Sy kapitaal het £250 000 bedra. Sedert Desember 1889 het die Duitse distilleermasjien volstoom gewerk en ongeveer 5 000 liter daagliks gelewer wat uitsluitlik uit Transvaalse graan geproduseer is. Selfs teen hierdie tempo was daar nie 'n voldoende voorraad drank vir die mark beskikbaar nie, sodat die bestuur van die fabriek aan 'n uitbreidingsprogram aandag moes gee. Nuwe stoomketels, moutoonde, moutvloere, distilleerketels en bergruimtes is tot die fabriek toegevoeg.

Helaas, in Desember 1889 het 'n brand in die fabriek uitgebreek en die produksie twee maande lank ontwrig. Hierdie terugslag het Marks en sy kollegas nie soveel ontstel nie, maar wat hulle wel ontstel het, is die feit dat 'n brandstigter vir die brand verantwoordelik was en dat die fabriek nie verseker was nie. Hulle het 'n beloning van £2 000 aangebied aan die persoon wat inligting kon verskaf wat tot die inhegtenisneming en skuldigbevinding van die brandstigter sou lei. Hulle het daarna wel die fabriek verseker, maar die skuldige is nooit opgespoor nie. Van dié geleentheid is gebruik gemaak om veranderinge in die fabrieksbestuur aan te bring. Die bestuurder, ene Stokes, is naamlik deur Thomas Strachan, voorheen verbonde aan Demarillac's Distillery in Harrismith, vervang. Onder die bestuur van Strachan is 'n reeks verbeteringe in die fabriek aangebring en het die uitbreiding plaasgevind. Op 29 Mei 1891 het 'n tweede brand in die vierverdiepingstokery uitgebreek, maar gelukkig was die stookmasjien vir £6 000 verseker en kon die brand tot slegs 'n gedeelte van die fabriek beperk word.[18]

## OORDRAG VAN KONSESSIE


Teen hierdie tyd het Nellmapius sy aandeel in die fabriek aan sy vennote Samuel Marks en Isaac en Barnett Lewis verkoop. Hulle het hom £120 000 uitbetaal, maar hy het nog 'n groot hoeveelheid aandele behou, want ná sy dood in 1893 is sy 25 000 aandele in Eerste Fabrieken Hatherley Distillery Limited vir 'n bedrag van £24 511-14-11 verkoop.[19]

Die vooruitsigte vir die maatskappy was uitstekend en uitbreiding gebiedend noodsaaklik, maar as gevolg van die terugslae wat die maatskappy deur die twee brande beleef het, was kapitaal uiters skaars. Marks se oplossing vir die probleem was om aandele aan die publiek beskikbaar te stel. In November 1892 het die konsessiehouers, in ruil vir £122 000 en aandele, die konsessie aan Eerste Fabrieken Hatherley Distillery Limited oorgedra. Die maatskappy is op die Londense Effektebeurs genoteer en was dus in staat om nasionale sowel as internasionale kapitaal te trek. Die maatskappy was dus op die drempel van 'n periode van ongekende groei.[20] Beleggers het onmiddellik die moontlikhede van die maatskappy raakgesien sodat £350 000 se £1-aandele spoedig verkoop is. Omdat plaaslike beleggingsmoontlikhede uiters beperk was, het mynmaatskappye ook baie van hierdie aandele gekoop. Dit is dan ook nie vreemd nie dat verskeie mynmagnate gedurende die jare negentig in die direksie van die maatskappy gedien het, onder andere J.N. de Jongh, S. Evans en L. Ehrlich.[21]

## UITBREIDING

Mettertyd sou by Eerste Fabrieken, as bewyse van die ondernemingsgees van die firma Lewis en Marks, benewens die drankstokery ook nog 'n glasfabriek en 'n fabriek vir die vervaardiging van konfyt, ingelegde vrugte, sous en vleisekstrak verrys. Laasgenoemde fabriek het die naam South African Republic Fruit and Meat Preserve Works gedra. Saron en Hotz maak ook nog melding van 'n steen- en teëlmakery, 'n leerlooiery en 'n skoenfabriek.[22]

Die *Johannesburg Times* van 30 November 1896 bevat 'n verslag van die ingebruikneming van die glasfabriek in dié jaar. Volgens die berig het pres. Kruger by dié




*'n Advertensie vir sommige van die produkte wat by Eerste Fabrieken geproduseer is. Regs van die fabriek is die huis van die fabrieksbestuurder sigbaar.*
FOTO: O.J.O. FERREIRA

18. VAN ONSELEN, *op. cit.*, pp. 39-40; KAYE, *op. cit.*, p. 44.
19. KAYE, *op. cit.*, p. 44.
20. VAN ONSELEN, *op. cit.*, p. 40; KAYE, *op. cit.*, p. 44.
21. VAN ONSELEN, *op. cit.*, p. 41.
22. PLOEGER, *op. cit.*, p. 123; G. SARON en L. HOTZ, *The Jews in South Africa: a history* (Kaapstad, 1955), p. 360.

geleentheid die woord gevoer en Samuel Marks geloof omdat hy, wat hierdie fabriek betref, geen beskermende maatreëls gevra het nie. Die president was ook van mening dat hoe meer persone Marks se voorbeeld volg en fabrieke oprig, hoe voordeliger dit vir alle belanghebbendes sou wees. Hy het Marks as 'n "Witman" beskryf wat tot voordeel van die land werk. Vanselfsprekend werk Marks ook vir sy eie sak — maar wie hou dan daarvan om net vir ander te werk? Die president het die hoop uitgespreek dat Marks nog baie ander fabrieke in die Republiek sou begin.[23]

Uit die beskikbare syfers blyk dat die jaar 1896 vir die fabrieke 'n voorspoedige jaar was. Die maatskappy kon in die boekjaar 1896 'n wins van £35 473-4-9 toon. Veral die toename van Swart mynwerkers aan die Rand het 'n belangrike rol in die groei van die maatskappy gespeel, want die potensiële Swart kopers het van ongeveer 14 000 in 1890 tot nagenoeg 88 000 in 1896 gestyg.[24]

## GEHALTE VAN DRANK

Die sterkdrank wat op Eerste Fabrieken gestook is, was in die beginjare van 'n baie minderwaardige gehalte en het in die volksmond as "Nellmapius" of "Mapius" bekend gestaan. Bulpin skryf omtrent die drank: "They were pretty raw. Somebody calculated that a neat bottle of Hatherley gin would kill within ten minutes". Tog het die volgende advertensie op 4 Januarie 1886 in *De Volksstem* verskyn:

> *Hatherley Ginger Brandy*
>
> This excellent liqueur, the
> preventive of Choleric attacks,
> also the remedy for indigestion
> and safeguard against dysentry,
> may now be obtained in glass-
> stoppered bottles at all Stores.
> Invaluable for travellers
> exposed to night chills.

Reeds in die vorige jaar (1885) het prof. Max Maerker, hoofnavorsingsbeampte van die Universiteit van Halle in Duitsland, 'n sertifikaat uitgereik waarin hy verklaar het dat hy monsters van die drank wat op Eerste Fabrieken geproduseer is, ontleed het. Volgens hom was die drank "perfectly faultless, first class products, free from all impurities and notably free from any admixture of fusil oil . . . Indeed, the Transvaal product possessed to a remarkable degree of approximation both the composition and the character of the London brand".

Tydens die Wêreldtentoonstelling in Parys in 1889 het die drank van Eerste Fabrieken twee silwermedaljes, 'n bronsmedalje en verskeie diplomas verower vanweë hulle voortreflikheid en die suiwerheid van die produkte.[25]

## DRANKMISBRUIK

Die kleinhandel in drank het voor 1896 'n bloeitydperk beleef, maar het ook sy tol geëis. Soos Van Onselen dit stel: "It killed hundreds of workers — black and white — who consumed that working-class poison passing commercially as 'liquor'." Dit was blykbaar 'n algemene verskynsel om dooie Swartes in die veld te sien lê wat as gevolg van drankmisbruik en blootstelling gesterf het. Op baie doodsertifikate is die oorsaak van dood as "alkoholvergiftiging" aangegee. Drank was ook die oorsaak van talle moorde wat aan die Rand gepleeg is, sowel as die vele stamgevegte wat onder Swart mynwerkers uitgebreek het. Dat die misbruik van drank sosiale probleme veroorsaak het, is vanselfsprekend. Die persentasie Swart mannekrag wat daagliks deur drankmisbruik verlore gegaan het, is deur mynbase op ongeveer 15 % geskat, maar daar was sommige wat dit selfs op 25 % gestel het.[26]

Dit wil voorkom of die dood van Swart en Blanke mynwerkers die kapitaliste aan die Rand weinig geskeel het, want die dooies kon maklik deur ander werkers vervang word. Die mynbase het hulle ook nie daaroor bekommer dat die mynwerkers so 'n groot gedeelte van hulle loon aan drank bestee nie. Inteendeel, hoe meer die werkers op drank uitgee, hoe minder spaar hulle; en hoe minder hulle spaar, hoe langer werk hulle op die myne voordat hulle na die bestaansekonomie van hulle tuislande terugkeer.[27]

Dat daar ook by baie Afrikaners 'n sterk gevoel teen die misbruik van drank en meer spesifiek teen die drankstokery op Eerste Fabrieken was, blyk duidelik uit die volgende aanhaling: "Op deze hooge randen van den Magaliesberg gezeten, zagen wij af op Eerste fabrieken, de drankstokerij van Lewis en Marks, alwaar uit de schoone vruchten en graan de verderfelijke drank (de oorzaak van zooveel ellende en verdriet) gestookt wordt, onder den naam De Volks Hoop".[28]

Ook pres. Kruger het hom by meer as een geleentheid teen die misbruik van drank uitgespreek. Een so 'n geleentheid was juis op 18 Augustus 1883 toe Nellmapius vir hom en die ander lede van die Tweede Deputasie, wat na Brittanje onderweg was om oor die hersiening van die Konvensie van Pretoria van 1881 te gaan onderhandel, 'n afskeidsfunksie by Erasmusspruit aangebied het. In die koelte van 'n doringboom het hy 'n lang en vurige toespraak gelewer. Bewus van sy vyande se kritiek teen hom vanweë die verlening van die drankkonsessie aan Nellmapius, het pres. Kruger — self 'n geheelonthouer — gesê dat drank 'n gawe van God was en daarom in sigself nie 'n euwel nie. Die misbruik daarvan was egter uit die bose.[29]

## DRANKWETTE

Tussen 1892 en 1895 het die Volksraad verskeie wysigings aan die Drankwet aangebring om dit nog strenger te maak. Baie Transvalers was egter van mening dat die Drankwet nog nie streng genoeg was nie. Toe daar dus in 1896 sprake was dat die Drankwet hersien en minder streng gemaak sou word, was dit duidelik dat sulke pogings sterk teenstand sou kry. Lidmate van Engelse en Afrikaanse kerkgenootskappe en ook die Johannesburgse Kamer van Mynwese het hulle teen wetswysiging uitgespreek. Petisies is ingelewer en daar was selfs sprake van drukuitoefening op Volksraadslede wat in die verlede die drankfirma gesteun het. Hulle sou dan by die eersvolgende verkiesing ontsetel word. Die gevolg was dat die verkoop van sterk drank aan Swartes aan die Rand in 1896

23. SARON en HOTZ, *op. cit.*, p. 360.
24. PLOEGER, *op. cit.*, p.123; VAN ONSELEN, *op. cit.*, p. 40.
25. KAYE, *op. cit.*, pp. 43-44; T.V. BULPIN, *Lost trails of Transvaal* (Kaapstad, 1956), p. 209.
26. VAN ONSELEN, *op. cit.*, pp. 41, 50-51.
27. *Ibid.*, p. 41.
28. J.F. NAUDÉ, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" de Wet* (Rotterdam, 1903), p. 111-112.
29. KAYE, *op.cit.*, p. 44-45.

totaal verbied is. Om hierdie verbod effektiewer te maak, is die aantal kleinhandeldranklisensies geleidelik verminder.[30]

Samuel Marks het op 7 Augustus 1896 en weer op 19 Februarie 1897 per brief by die regering teen hierdie Drankwet protes aangeteken. Hy het verklaar dat die Drankwet die regte en voorregte wat deur die konsessie aan sy maatskappy toegeken is aansienlik inkort. Wat die Nie-Blankes betref, het die regering egter voet by stuk gehou en is hierin gesteun deur petisies van die kant van die mynbedryf wat verklaar het dat die Nie-Blankes onder die nuwe bedeling meer werk as vroeër verrig. Op 30 April 1897 het Marks nog eens 'n poging aangewend om die regering tot ander insigte te bring deur nadruk te lê op die kapitaal wat in sy stokery belê is, te meld dat 'n glasfabriek opgerig is om onafhanklik te wees van die invoer van bottels en daarop te wys dat stokers uit die buiteland gebring is om drank van goeie gehalte te stook, onder andere R. van Eibergen Santhagens ('n Nederlander), La Farga ('n Fransman) en H. Coffey ('n Skot). Verder het hy aangevoer dat die misbruik in die drankhandel veroorsaak is deur die invoer en verkoop van "vergiftigde spiritualeën" in die Republiek wat wederregtelik van Mosambiek af binnegelaat is — tot selfs soveel as 'n derde van die totale hoeveelheid drank wat in Transvaal verbruik is. Marks het derhalwe sekere voorstelle aan die regering gedoen wat onder meer behels; kontrole oor kwaliteit en invoer van minderwaardige sterk drank, dat bewys gelewer word dat drank uit Mosambiek wel daar gestook is, dat sy firma vrygestel word van invoerbelasting op grondstowwe wat vir mengdoeleindes noodsaaklik is en dat hy skadevergoeding moet ontvang vir verliese wat gely is.

In die loop van 1897 het Marks, by ontstentenis van enige vooruitsig dat die Drankwet gewysig sou word, blykbaar sy energie en vernuf daarop toegespits om sy belange in Mosambiek doelmatig uit te bou deur die aankoop van 'n stokery en die reëling van pryse.[31]

## AGTERUITGANG

Die kapitaal van die maatskappy was teen 1897 £400 000, waarvan £25 000 as reserwe gehou is. Die meeste aandeelhouers was in Suid-Afrika woonagtig, maar daar was ook aandeelhouers in Frankryk, Duitsland, Engeland en Oostenryk. Die direkteure in daardie stadium was Samuel Marks, Isaac Lewis, A. Janot, C.D. de Gheest, S. Evans, H. Crawford, L. Ehrlich en J.N. de Villiers.[32]

In 1897 het 'n skielike agteruitgang ingetree. Die omset van spiritualieë het met meer as £50 000 gedaal. Twee faktore het hierin 'n rol gespeel, naamlik die gewysigde Drankwet, wat aan die begin van 1897 in werking getree het en onder meer die verbod op die verkoop van drank aan Nie-Blankes ingehou het, en die steeds toenemende smokkelhandel van die sogenaamde "Delagoa Bay Spirits" uit Mosambiek, wat die maatskappy se afset ernstig belemmer het. Die nuwe Drankwet het die firma onmiddellik getref, want die helfte van die kroeë is gesluit weens die verlies van Nie-Blanke klante en in die vernaamste mynsentra het die drankhandel feitlik tot stilstand gekom. Die smokkelhandel oor die Mosambiekse grens is vergemaklik vanweë 'n verdrag van 1882 met die Portugese en artikel 1(e) van Wet nr. 4 van 1894 wat bepaal het dat produkte wat in Mosambiek vervaardig is en deur 'n sertifikaat van oorsprong vergesel gaan, van invoerregte vrygestel is. Die vermoede het bestaan dat vooraanstaande persone in Portugal by die winsgewende smokkelhandel betrokke was en daarom het die amptelike Transvaalse besware geen gevolg gehad nie.[33]

## TEENMAATREËLS

As teenmaatreël teen die smokkelhandel het die Eerste Fabrieken-maatskappy daaraan gedink om mededinging uit Mosambiek te beperk deur die aankoop van die Harmonia-stokery in Lourenco Marques. Dit het inderdaad ook gebeur, maar verdere gegewens daaromtrent ontbreek. Daarbenewens is die stokery op Ressano Garcia, wat aan die Distillerie Francaise de Lourenco Marques behoort het, ook op 31 Januarie 1898 oorgeneem. Deur hierdie oorname sou die maatskappy ook noterings op die Paryse Beurs verkry. Dyball's-stokery is tydelik belet om te stook deur die eienaar aan die lyntjie te hou in verband met die moontlike aankoop van sy stokery. In Lourenco Marques is alle verkoop van sterk drank deur die sogenaamde Alcohol Trust of Delagoa Bay Spirits Trust gereël. Op grond van 'n ooreenkoms wat in Maart 1898 opgestel is, het die Alcohol Trust, in oorleg met die maatskappy op Eerste Fabrieken, die pryse van sterk drank in Mosambiek en Transvaal gereël. Die beheer oor invoer van sterk drank uit Mosambiek na die Zuid-Afrikaansche Republiek is aldus deur die Transvaalse maatskappy gekontroleer.

Ten spyte van die vertoë van Marks, het die verkoop van sterk drank in Transvaal tot die Blanke bevolking beperk gebly. Hierin is die regering deur die grootste deel van die Blanke bevolking, die kerke en die Kamer van Mynwese gesteun.[34]

## GESKIEDKUNDIGE KRYGSRAADSVERGADERING EN SLUITING

Dit was in die kantoor van die fabriek op Eerste Fabrieken waar 'n geskiedkundige krygsraadsvergadering van Boereleiers op 5 Junie 1900 plaasgevind het. Dit was op daardie dag dat lord Roberts se Britse troepe Pretoria ingeneem het en die krygsraad oor die voortsetting van die Boere se krygsoperasies moes besluit. Aangesien daar 'n moontlikheid bestaan het dat oor vredesluiting gepraat kon word, was daar tydens die krygsraadsvergadering voortdurende telefoniese verbinding tussen die stokery op Eerste Fabrieken en die kantoor van die firma Lewis en Marks op Kerkplein in Pretoria, waar die Britse troepe reeds gekrioel het.[35] Volgens Kotzé is die fabriek spoedig na die inname van Pretoria gesluit en is die produksie gevolglik na 'n periode van sewentien jaar gestaak.[36]

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die spoorwegstasie, op die hooflyn na Lourenco Marques, baie jare lank as Hatherley bekend gestaan, maar is later na Eerste Fabrieke, die verafrikaansde vorm van die oorspronklike Nederlandse naam, verander.[37] Dit is die enigste herinneringsteken aan die eerste nywerheid in Transvaal, die Eerste Fabrieken in de Zuid-Afrikaansche Republiek. ■

30. J.S. Marais, *The fall of Kruger's republic* (Oxford, 1961), p.26; Ploeger, *op. cit.*, p. 124.
31. Ploeger, *op. cit.*, pp. 124-125.
32. *Ibid.*, p. 123.
33. *Ibid.*, pp. 123-124; Marais, *op. cit.*, p. 25.
34. Ploeger, *op. cit.*, pp. 124-126.
35. S.P. Engelbrecht *et al.* (reds.), *Pretoria (1855—1955)* (Pretoria, 1955), p. 283.
36. Kotzé, *op. cit.*, p. 26.
37. D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa IV* (Elsiesrivier, 1971), p. 257.